

Hoofstuk van die dag: Sagaria 4

> *Nie met mag en krag sal jy slaag nie, maar deur my Gees, sê die Here die Almagtige. (vers 6)*

Serubbabel was goewerneur in Jerusalem, en hy het die taak gehad om die tempel te bou nadat dit deur Nebukadnesar verwoes

is. Maar die mense se moed was laag, en die bouwerk het min of meer tot stilstand gekom. Met dié naggesig sê die Here sy werk hang nie af van menslike inisiatief en motivering nie. Hy bring sy werk tot stand deur sy Gees wat in mense werk.
Ons moet deeglik van hierdie boodskap kennis neem. Nuwe lewe onder lidmate van die kerk kry ’n mens nie reg met menslike inspanning nie. Kerke en kerkvergaderings kan nie besluit mense moet hulle godsdiens met groter ywer beoefen nie. Allerlei programme en aksies sal ook nie werk nie. As dit so gedoen word, is dit kunsmatig en hou ook nie lank nie. Egte toewyding aan die Here is iets wat deur die Gees in mense bewerk word. Net God kan dit doen. Mense beskik nie oor die mag om die Gees te manipuleer om Hom te laat doen wat hulle graag wil hê Hy moet doen nie.
Ons moet die Gees toelaat om nuwe lewe te bring. Vir jou ook.

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026